Geopende Deure

# GEBEDSKALENDER



**Junie 2026**

“As julle in My woord bly, is julle waarlik my dissipels, en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.”
JOHANNES 8:31-32




# Kyk uit vir ons NUWE POTGOOI-reeks!

**VERDIEP IN GEBED VIR SUB-SAHARA AFRIKA.**

Luister na ons “Arise Africa”-potgooireeks vir persoonlike onderhoude met diegene wat die realiteite van vervolging in die streek gesien en ervaar het.

Besoek www.opendoors.org.za/podcast

Skandeer die QR-kode om te luister.

https://tinyurl.com/2f2nnw9s

# JUNIE

## VENEZUELA

**Maandag, 1 Junie**

Bid vir God se leiding en wysheid sodat die Kerk in Venezuela ŉ lig kan wees te midde van sosiale spanning in ŉ tyd wat deur verkiesingsprosesse en gewigtige besluite gekenmerk word.

**Dinsdag, 2 Junie**

ŉ Venezolaanse pastoor, Manuel*, het spesifieke gebedsversoeke gedeel na die verwydering van die land se vorige president. "Bid vir ons vrede," sê hy, "en dat die vlakke van angs en onsekerheid onder Venezolane sal afneem."

**Woensdag, 3 Junie**

Daar is vrees dat die regering baie strenger kan word en selfs kerkbyeenkomste kan verbied. Bid saam met kerkleiers terwyl hulle op hierdie uitdagings reageer.

## CHINA

**Donderdag, 4 Junie**

Bid vir China se volgende geslag. ŉ Chinese jeugbedieningsleier het gedeel: "Die hewigste geestelike stryd is vir die jonger geslag se geloof. Kampusbedieningswerkers staar dikwels risiko's in die gesig, en ons het meer gebede nodig."

**Vrydag, 5 Junie**

Bid vir Christelike studente in China. Eens lewendige studentegemeenskappe op universiteitskampusse het grootliks verdwyn, met slegs ŉ paar wat in die geheim voortgaan. Vra God om hulle te lei.

**Saterdag, 6 Junie**

Bid vandag saam met Christelike universiteitsdosente wat dikwels op waglyste geplaas word, gereeld deur leiers ondervra word en onder druk geplaas word om ongeregistreerde huiskerke te vermy. Bid dat hul geloof diep gewortel en onwankelbaar sal wees.

**Sondag, 7 Junie**

Bid saam met studente en dosente wat dissiplinêre maatreëls weens hul geloof ondergaan. Vra God om guns te vind vir Christelike studente wat toegang tot nagraadse programme en aansoeke vir regeringsposisies geweier word.

## SUB-SAHARA AFRIKA

**Maandag, 8 Junie**

Ons suster, Josephina, treur oor die verlies van haar man en vier kinders, wat

*Josephina in die nasleep van aanvalle.*



nog steeds vermis is na ekstremistiese aanvalle in Mosambiek. Sy en honderde ander mense is ontwortel. Bid vir vertroosting en herstel.

**Dinsdag, 9 Junie**

Bid saam met die Christengemeenskap van Bum in Noord-Nigerië, waar nege mense in ŉ aanval deur Fulani-militante doodgemaak is. Vra God om hulle met Sy teenwoordigheid en krag te omring.

**Woensdag, 10 Junie**

ŉ Onlangse video wat deur die ekstremistiese groep ISWAP vrygestel is, sê vir Nigeriese Christene: "Verander van geloof of sterf" en dat alle Christene "wettige teikens" is. Bid vurig vir hul beskerming.

**Donderdag, 11 Junie**

Bid saam met ons vir vyf Rwandese gelowiges wat tot gevangenisstraf gevonnis is vir "weiering om op te hou getuig oor hul geloof". Vra God om naby hulle en hul families te wees (Psalm 34:18).

**Vrydag, 12 Junie**

Bid saam met Binta*, wie se Moslem-familie haar uit hul huis verdryf het omdat sy Jesus vertrou het. "Bid dat die Here ŉ hereniging tussen my en my familie sal bewerkstellig," vra sy.

**Saterdag, 13 Junie**

Loof God! Verskeie Christelike gevangenes is onlangs uit Eritrea se berugte gevangenisstelsel vrygelaat. Hou aan bid vir die vrylating van sewe prominente kerkleiers.

## LAOS

**Sondag, 14 Junie**

Bid saam met ons vir die Houang*-gesin, wie se huis vernietig is deur dorpsbewoners wat woedend is oor hulle besluit om na ŉ nabygeleë kerk te gaan. Bid vir Geopende Deure se plaaslike vennote terwyl hulle werk om ŉ langtermynoplossing vir die gesin te vind.

**Maandag, 15 Junie**

Bid vir onlangse opleidingsessies vir plaaslike kerke, veral vir deelnemers aan ŉ sessie wat ontwerp is om Christene te help om kultusse en vals leraars te hanteer. Bid dat gelowiges in die Woord gewortel sal bly.

**Dinsdag, 16 Junie**

Bid vir die Sout en Ligprojek, wat plaaslike kerke help om nou saam met ons plaaslike vennote te werk om verhoudings met plaaslike owerhede te vestig deur gemeenskapsinisiatiewe, soos skoolondersteuning.

## SENTRAAL-ASIË

**Woensdag, 17 Junie**

Bid saam met die 16-jarige Hysam* van Sentraal-Asië. Nadat hy gedoop is, het sy Moslem-ouers hom aangerand en uit hul huis geskop. Danksy jou ondersteuning het Hysam nou ŉ blyplek.

**Donderdag, 18 Junie**

Bid vir standvastige geloof vir Ayaz, ŉ 40-jarige wewenaar met twee tienerdogters.


*Name verander weens veiligheidsredes.

*Christelike storievertelling in die Filippyne.*



Hy is ŉ nuwe gelowige en die onlangse verlies van sy vrou was verwoestend. Bid vir wysheid en volharding.

**Vrydag, 19 Junie**

Loof God vir onlangse opleidingskursusse in dissipelskap in Sentraal-Asië. Altesaam 283 gelowiges uit verskeie Christelike lande het aan ŉ konferensie deelgeneem wat op die roeping van die Kerk gefokus het. Jou gebede en ondersteuning maak dit moontlik!

## FILIPPYNE

**Saterdag, 20 Junie**

Bid vandag, op Wêreld-vlugtelingdag, saam met Christene wat gedwing is om vir veiligheid uit hul huise te vlug. Vra God om hulle te vertroos en nuwe deure van geleentheid en bemoediging oop te maak.

**Sondag, 21 Junie**

Bid vandag vir Filippynse vaders en alle vaders wat vervolging in die gesig staar weens hul geloof. Vra God om hulle moed te gee en hulle toe te rus om die geestelike leiers in hul gesinne te wees.

**Maandag, 22 Junie**

Bid vir die storievertellings-programme aan kinders wat ons plaaslike vennoot in die suidelike streek van die Filippyne lei. Vra God om hierdie Bybelstories in die kinders se gedagtes en harte te vestig.

## BANGLADESJ

**Dinsdag, 23 Junie**

In Noord-Bangladesj neem die vervolging van Christene skerp toe, veral teen bekeerlinge vanuit ander gelowe. Bid vir voorsiening en beskerming vir die families wat gedwing word om weg te kruip.

**Woensdag, 24 Junie**

Bid spesifiek saam met Mamum*, ŉ plaaslike evangelis wat deur Islamitiese leiers bedreig word. Hy staar dreigemente in die gesig om die huiskerk wat hy lei, te sluit. Vra God om hom teen die aanslae te beskerm.

**Donderdag, 25 Junie**

Saiful*, ŉ pastoor by ŉ plaaslike kerk, vra: “Bid asseblief vir ons dat ons getrou aan Christus sal bly tot die laaste druppel van

ons bloed." Bid vir moed en seën vir Saiful en sy familie.

## NOORD-KOREA

**Vrydag, 26 Junie**

In Noord-Korea word 20 tot 40 huishoudings saam gegroepeer onder ŉ plaaslike toesighouer wat hul daaglikse bewegings, besoekers en lojaliteit monitor en daaroor rapporteer. Bid saam met ondergrondse Christene wat hierdie onderdrukking ervaar.

**Saterdag, 27 Junie**

Noord-Koreane moet self-evalueringsbyeenkomste bywoon om hul tekort-komings te bely en mekaar te veroordeel. Vra God om in hierdie sessies Sy waarheid aan Noord-Koreane te openbaar.

**Sondag, 28 Junie**

Kom ons bid vandag vir gelowiges wat alleen aanbid. Bid dat hulle samesyn met God sal ervaar wanneer menslike samesyn onmoontlik is.

**Maandag, 29 Junie**

Noord-Koreaanse Christene het onlangs gedeel dat dit bykans onmoontlik is om enige soort medisyne te kry. Bid dat God ŉ weg sal baan vir mediese behandeling en genesing.

**Dinsdag, 30 Junie**

ŉ Noord-Koreaanse gelowige herinner ons aan die belangrikheid daarvan om elke dag vir ons Noord-Koreaanse familie te bid. "Ons bestaan nog danksy julle gebede en ondersteuning," het hy gesê. "Dankie dat julle bid."

*Kerkleiers in Bangladesj.*



**Name verander weens veiligheidsredes.*


Geopende Deure

Geopende Deure Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za


Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129